# GOVERNMENT GAZETTE

## OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# STAATSKOERANT

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)
Local **50c** Plaaslik
Other countries 70c Buitelands
Post free • Posvry

VOL. 267

CAPE TOWN, 18 SEPTEMBER 1987

KAAPSTAD, 18 SEPTEMBER 1987

No. 10921


STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 2074. 18 September 1987

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 54 of 1987: Merchandise Marks Amendment Act, 1987.

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 2074. 18 September 1987

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 54 van 1987: Wysigingswet op Handelswaremerke, 1987.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Merchandise Marks Act, 1941, so as to substitute the definition of "Minister"; to abolish certain acts which constitute offences; and to substitute or delete certain obsolete references therein; and to make provision for matters connected therewith.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 9 September 1987.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 17 of 1941, as amended by section 1 of Act 39 of 1952.

**1.** Section 1 of the Merchandise Marks Act, 1941 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:

"'Minister' means the Minister of **[Commerce and Industries]** Economic Affairs and Technology, or any other Minister **[of State]** to whom the **[Governor-General]** State President has assigned the administration of this Act, or any other Minister **[of State]** acting on behalf of any such Minister;".

Substitution of section 14 of Act 17 of 1941, as amended by section 2 of Act 39 of 1952 and section 1 of Act 55 of 1967.

**2.** The following section is hereby substituted for section 14 of the principal Act:

"Unauthorized use of certain emblems.

**14.** (1) Any person who uses in connection with his trade, business, profession or occupation, or in connection with a trade mark, mark or trade description applied by him to goods made, produced or sold by him—

**[*(a)* without authority in writing signed by or on behalf of His Majesty or by or on behalf of the Governor-General in person, the Royal Arms, or arms so nearly resembling the Royal Arms as to be likely to deceive; or**

***(b)*]** *(a)* without authority in writing signed on behalf of the **[Governor-General-in-Council]** State President, the **[Arms of the Union]** coat of arms of the Republic, or arms so nearly resembling the **[Arms of the Union]** coat of arms of the Republic as to be likely to deceive; or

**[*(c)*]** *(b)* without authority in writing signed by or on behalf of the Minister—

(i) the style, title, name, portrait or effigy of the **[King, of a member of the Royal Family, of the Governor-General]** State President or of a Minister **[of State]** of the **[Union]** Republic; or

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

______ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Handelswaremerke-wet, 1941, ten einde die omskrywing van "Minister" te vervang; sekere handelinge wat misdrywe uitmaak, af te skaf; en sekere verouderde verwysings daarin te vervang of te skrap; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 9 September 1987.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 17 van 1941, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 39 van 1952.

**1.** Artikel 1 van die Handelswaremerke-wet, 1941 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van "Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:

"'Minister', die Minister van **[Handel en Nywerheid]** Ekonomiese Sake en Tegnologie, of 'n ander **[Staatsminister]** Minister aan wie die **[Goewerneur-generaal]** Staatspresident die uitvoering van hierdie Wet opgedra het, of 'n ander **[Staatsminister]** Minister wat namens sodanige Minister optree;".

Vervanging van artikel 14 van Wet 17 van 1941, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 39 van 1952 en artikel 1 van Wet 55 van 1967.

**2.** Artikel 14 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Ongemagtigde gebruik van sekere embleme.

**14.** (1) **[Elkeen]** Iemand wat in verband met sy handel, besigheid, beroep of bedryf, of in verband met 'n handelsmerk, merk of handelsomskrywing wat deur hom op ware wat hy vervaardig, produseer of verkoop, aangebring word—

**[*(a)* die Koninklike Wapen, of 'n wapen wat soveel op die Koninklike Wapen lyk dat dit waarskynlik misleidend sou wees, gebruik sonder skriftelike volmag geteken deur of ten behoewe van Sy Majesteit of deur of ten behoewe van die Goewerneur-generaal in eie persoon; of**

***(b)*]** *(a)* die **[Uniewapen]** Wapen van die Republiek of 'n wapen wat soveel op die **[Uniewapen]** Wapen van die Republiek lyk dat dit waarskynlik misleidend sou wees, gebruik sonder skriftelike volmag geteken ten behoewe van die **[Goewerneur-generaal-in-Rade]** Staatspresident; of

**[*(c)*]** *(b)* sonder skriftelike volmag deur of ten behoewe van die Minister geteken—

(i) die betiteling, titel, naam, portret of afbeelding van die **[Koning, 'n lid van die Koninklike Huis, die Goewerneur-generaal]** Staatspresident of 'n **[Staatsminister]** Minister van die **[Unie]** Republiek gebruik; of

(ii) the name, portrait or effigy of any former State President or Minister **[of State]** of the Republic of South Africa or of any former Governor-General or Minister **[of State]** of the Union of South Africa or of any former President of "De Zuid-Afrikaansche Republiek" or the Republic of "De Oranjevrijstaat"; or

(iii) a reproduction of the National Flag of the **[Union]** Republic, or of any monument, relic or antique as defined in the **[Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques Act, 1934 (Act No. 4 of 1934)]** National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), or of the Union Building or of any official residence of the State President **[or of the Prime Minister]**,

shall be guilty of an offence: Provided that this subsection shall not apply to a trade mark registered before and in existence on the first day of February, 1941, or in the case of the Territory, the first day of March, 1952.

(2) Any person who uses in connection with his trade, business, profession or occupation any device, emblem, title or words in such a manner as to be likely to lead other persons to believe that his trade, business, profession or occupation is carried on under the patronage of, or that he is employed by or supplies goods to, **[His Majesty, any member of the Royal Family,]** the **[Governor-General]** State President, any **[Government]** State department, the Administration of the Territory or a provincial administration, without authority in writing signed by or on behalf of **[His Majesty, that member of the Royal Family]** the **[Governor-General]** State President, the Minister administering that department or the Administrator concerned, as the case may be, shall be guilty of an offence.".

Short title.

**3.** This Act shall be called the Merchandise Marks Amendment Act, 1987.

(ii) die naam, portret of afbeelding van 'n gewese Staatspresident of **[Staatsminister]** Minister van die Republiek van Suid-Afrika of van 'n gewese Goewerneur-generaal of **[Staatsminister]** Minister van die Unie van Suid-Afrika of van 'n gewese President van De Zuid-Afrikaansche Republiek of die Republiek De Oranjevrijstaat gebruik; of

(iii) 'n weergawe van die Nasionale Vlag van die **[Unie]** Republiek, of van 'n gedenkwaardigheid, oudheidsoorblyfsel of antieke voorwerp soos omskrywe in die **[Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede, 1934 (Wet No. 4 van 1934)]** Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), of van die Uniegebou of van 'n amptelike woning van die Staatspresident **[of die Eerste Minister]** gebruik,

is aan 'n misdryf skuldig: Met dien verstande dat hierdie subartikel nie van toepassing is nie op 'n handelsmerk wat geregistreer is voor en reeds bestaan het op die eerste dag van Februarie 1941 of, in die geval van die Gebied, op die eerste dag van Maart 1952.

(2) Iemand wat in verband met sy handel, besigheid, beroep of bedryf 'n tekening, beeld, embleem, titel of woorde op so 'n wyse gebruik dat dit ander persone waarskynlik onder die indruk sal bring dat sy handel, besigheid, beroep of bedryf gedryf word onder die beskerming van, of dat hy in diens is van, of ware lewer aan, **[Sy Majesteit, enige lid van die Koninklike Huis,]** die **[Goewerneur-generaal]** Staatspresident, enige **[Regeringsdepartement]** Staatsdepartement, die Administrasie van die Gebied of 'n provinsiale administrasie, sonder skriftelike volmag geteken deur of ten behoewe van **[Sy Majesteit, daardie lid van die Koninklike Huis]** die **[Goewerneur-generaal]** Staatspresident, die Minister wat daardie departement beheer of die betrokke Administrateur, na gelang van die geval, is aan 'n misdryf skuldig.".

**3.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Handelswaremerke, 1987. Kort titel.

PRINTED BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL (012) 323-9731 X267—BB4776/13300
GEDRUK DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL (012) 323-9731 X267—BB4776/13300